STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

Die WAPAD

DEEL VI. 7 SEPTEMBER 1951. No. 9.

# Pragtige Gebaar van Personeellede

## Bedrag van £19-3-6 aan S.R.

**Die Studenteraad van P.U. vir C.H.O. het 'n bedrag van £19 3s. 6d. van die personeellede ontvang ter stywing gvan hul fondse. Die inisiatief het van prof. D. J. van Rooy uitgegaan en is deur die rektor, prof. J. C. v. Rooy, bekragtig. Die S.R. het hulle hartelike dank d.m.v. 'n omskrywe aan die personeellede gerig.**

Verneem word dat **prof. D. J. v. Rooy** 'n brief aan die rektor gerig het waarin hy 'n vrywillige bydrae van die personeellede aan die studente ter stywing van hul fondse bepleit. As oorsake van die beweegrede noem **prof. v. Rooy** die „buitengewoon sware finansiële las" wat hierdie jaar met sy feestelikhede en sportbyeenkomste op die studente gelê het. **„Waar weining meer as die helfte van ons 900 studente die middele moet vind," aldus prof. v. Rooy, „om aan die inter-universitêre sowel as die huishoudelike pligte van almal te voldoen, word die taak veral vanjaar vir hulle bykans te veel."** Voorts lui die brief dat met goedkeuring van die rektor die brief onder aandag van die personeel gebring word.

**MOOI BEDRAG OPGELEWER.**

Met volmondige instemming van die rektor is die lys, wat deur **prof. D. J. v. Rooy** met 'n bedraf van £3 geopen is, gesirkuleer en het die pragtige bedrag van £19 3s. 6d. opgelewer.

**DANK VAN S.R.**

Die Studenteraad het hulle innige dank uitgespreek vir hierdie mooi gebaar en vir die belangstelling aan die kant van die personeellede. 'n Bedankingsbrief is dan ook aan die betrokke instansies gerig.

**BYDRAES ONTVANG.**

**Bedrae is van die volgende persone ontvang:**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| **Prof. D. J. v. Rooy** .. | £3 | 0 | 0 |
| **Dr. W. A. Joubert** .... | 2 | 0 | 0 |
| **Prof. H. J. J. Bingle** | 2 | 0 | 0 |
| **Mej. C. R. Viljoen**.... | | 7 | 6 |
| **Dr. P. J. Hamersma** | | 10 | 0 |
| **Mnr. J. P. Malan** .... | | 10 | 0 |
| **Prof. G. T. S. Eiselen** | 2 | 0 | 0 |
| **Mnr. J. v.d. Mark** .... | 1 | 0 | 0 |
| **Prof. G. Dekker** .... | 1 | 0 | 0 |
| **Mnr. A. Postma** .... | | 5 | 0 |
| **Prof. J. C. v. Rooy** | 3 | 0 | 0 |
| **Mnr. G. P. Schoeman** | | 10 | 0 |
| **Prof. D. P. J. Smith** | 1 | 0 | 0 |
| **Prof. W. P. Robbertse** | 1 | 1 | 0 |
| **Totaal** | **£19** | **3** | **6** |



**Mnr. A. P. S. van der Merwe, Studenteraadsekretaris. 'n Stille werke wat die studentelewe administreer. Hy is met sy privaatsekretaresse, Mej. L. van Rooy, gekys.**

# S.R. Wys Studente-Parlement van die Hand.

## Voorstel van V.S.R.-U.K.

**Die Studenteraad het op 'n jongsgehoue vergadering die gedagte aan 'n Studente-parlement of Studente-forum wat deur die Universiteit van Kaapstad geopper is, afgekeur. Hierdie besluit is 'n bekragtiging van die houding van die plaaslike A.S.B.-tak, aan wie die saak opgedra is om kommentaar daarop te lewer.**

Verneem word dat die Studenteraad van die Universiteit van Kaapstad 'n konsepskema met begeleidende brief aan alle opvoedkundige sentra in die land gerig het. Die brief is deur mnr. M. Kinkead-Weekes, ere-sekretaris, onderteken.

**DOEL.**

Die doel met die daarstelling van so 'n Studente-parlement of -forum (volgens die skrywer) is omdat daar heelwat aanduidings is **„dat studente (van watter sienswyse ookal) voel dat dit hoog tyd is vir alle Suid-Afrikaanse studente om gereeld byeen te kom ten einde sake te bespreek wat vir hulle as studente van algemene belang is."**

Die brief meld verder dat Suid-Afrikaanse studente al lank in twee kampe verdeel is wat hulle beleid aangaande studentepolitiek betref. Elke groep het hulle uitgesproke beleid, maar tot dusver was alles nog net op papier uiteengesit. Ondergetekene voel dat onderlinge bespreking van hierdie standpunte 'n beter verstandhouding tussen die twee groepe sal skep.

Die brief meld verder dat so 'n skema liewer van Studenterade dan van hulle ondergeskikte liggame moet uitgaan en benadruk ten sterkste dat dit geen poging is „om enige bestaande Unie te verplaas deur 'n ander Unie nie," maar om 'n geleentheid tot gereelde kontak tussen alle studente te skep.

**S.R. WYS VAN DIE HAND.**

Die S.R. het die voorgestelde idee eers by die plaaslike A.S.B.-bestuur aanhangig gemaak sodat hulle kommentaar daarop kon lewer. Die plaaslike tak het dit afgekeur op grond van die volgende besware:—

a) Dat daar genoeg ander organisasies is en 'n Studenteparlement of -forum, soos voorgestel, geen dringende behoefte vervul nie;

b) dat die doel beginselloos is;

c) dat die praktiese uitvoering probleme van sosiale vermenging gaan skep, terwyl ons nou op 'n stadium is dat so iets vermy moet word.

Die S.R. het hierdie besware aanvaar en die besluit bekragtig met die byvoeging van nog 'n beswaar nl. dat S.R.- konferensies wat 'n sekere mandaat het, sake alleen moet benader.

### Laat Berig

**Die bydraes van personeellede soos hierbo gepubliseer, is nog nie volledig nie. Verdere erkenning: Mnr. J. v.d. Berg 10/-.**

### WEER HERSTEL.

**Met blydskap verneem die studente weer van die groot mate van herstel wat prof. P. J. S. de Klerk tans geniet, na n ernstige siekte wat hom sedert die einde van verlede kwartaal oorval het, sodat hy vier weke in die Pretoriase Hospitaal moes verpleeg word. Mag sy herstel spoedig volkome wees, sodat hy sy kragte weer doeltreffend aan die inrigting beskikbaar kan stel.**

# Korps Stel Piekniek in Vooruitsig

**Korps Veritas Vincet gaan sy Dies Natalis vanjaar in die vorm van 'n gesellige piekniek vier. 15 September word as moontlike datum in de oog gehou.**

Hierdie feite het bekend geword uit 'n onderhoud wat ons korrespondent met mnr. **V. E. d'Assonville,** voorsitter van Korps, gehad het. **Mnr. d'Assonville** het verder verklaar dat dit die 51ste Dies Natalis is wat vanjaar deur Korps gevier sal word. Waar die verrigtinge gewoonlik in die vorm van binnemuurse feestelikhede plaasvind, sal 'n gesellige piekniek, waarskynlik aan die Oog van die Mooirivier, die uitsondering op die reël vanjaar bied. Die piekniek sal kosteloos wees en daar sad genoeg vir almal wees om hulle trommeldik te eet.

'n Persoon wat genader is om sy opinie oor die piekniek te lug het hom soos volg uitgedruk: „As die lente weer hier is en die liefde begin saggies ontwaak in die aanskyn van swaar onweerswolke aan die akademiese horison, dan is 'n piekniek net die ware Jakob om 'n mens se moed tot rus te bring."

### Kennisgewing.

**Die Studenteraad wil die volgende belangrike sake onder die aandag van studente bring:**

**JAARVERSLAE.**

**Moet ingehandig wees by Hoofliggame om 12 nm. op Saterdag 8 September; by S.R. vanaf hoofliggame om 12 nm. op Woensdag 12 September. Finansiële verslae moet jaarverslae vergesel.**

**EREWLEUR-KOMITEE VERGADERING:**

**Die hele S.R. plus twee afgevaardigdes van elke klub vergader Woensdagaand 12 September om 7 nm. in Thaba n'Kulu se sitkamer.**

**LYS VAN STEMGEREGTIGDES:**

**Kan by S.R. Sekretaris gekontroleer word op Saterdag 15 September vanaf 8.30 vm. in die Studenteraadskantoor.**

**AAN ALLE KLUBS EN VERENIGINGS:**

**Sal alle sekretarisse asseblief op Woensdag 12 September al hulle korrespondensie kom inhandig by die S.R.-kantoor om 2.00 nm., om behoorlik gebind te word liaseer-doeleindes.**

**AAN ALLE PENNINGMEESTERS:**

**Alle boeke moet afgesluit word op Maandag 10 September en ingehandig word op Woensdag 12 September by die S.R.-penningmeester vir ouditering.**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE en KOLONIALE WYNSOORTE en SPIRITUALIEË

**LUCILLE** DIE ROK SPESIALIS
Altyd eerste met die Jongste.
Foon 62.
Kerkstraat 146, POTCHEFSTROOM.

**PARKER & CO.**
(Pty.) Ltd.
GENERAL HARDWARE MERCHANTS

Phone 30, Potchefstroom. Box 245.

Irrigation Machinery and Plants Supplied and Erected.

**Workmanship Guaranteed!**

Farm Implements and Spares, Tools for all Tradesmen, Arms and Ammunition, Fishing Tackle, Kitchen Utensils, etc., etc.

**PRESIDENT KAFEE**

Kerkstraat 70.

• • •

vir die Beste

LIGTE ETES

en

VERVERSINGS.

TOETS JOU OË
by
**M. SINGER**
F.S.M.C., F.B.D.A. (Londen)

OOGARTS
by die

MOOIRIVIER APTEEK

KERKSTRAAT 155,
Foon 380 POTCHEFSTROOM.


# Gedagtes by die Louis Kentner-Konsert

. . . . die halfleë saal, met net 'n paar studente. It dit ons kultuurbewuste Afrikaner jeug? Waar is die sogenaamde musiekliefhebbers . . . . was die S.R. vergadering vanaand dan absoluut so noodsaaklik?

. . . . helder klink die pragtige klanke van 'n Beethoven sonata . . . hol klink die muntstukke soos dit getel word in die kaartjies-loket. . . . Kultuur en realisme in 'n stryd . . . . Op die verhoog die kunstenaar, intens, skeppend. Sou hy speel en aan ons dié klanke gee as ons silwerlinge nie agter geklink het nie? . . . .

. . . . Skitterend word Chopin vertolk . . . . Ek wondtr of die mense my pelsjas mooi kan sien? Ek hoop hulle besef wat dit kos! Is haar teenwoordigheid vals of eg? . . . .

. . . . Ek wens die Stadsraad wil die „dekorasie" van die verhoog verander in 'n paslike dècor Die rooi gordyntjies is genoeg om enige mens te ontstem . . . .

. . . . Met Chopin in my hart sê ek: „Mag Louis Kentner nog lank aan die mensdom genot verskaf. Lank mag hy lewe!" . . . .

„BOEP."


**I. GLASER**

Kerkstraat 83.

Die beste vir
OMEGA - HORLOSIES EN VERLOOFRINGE

Diens en Waarde is ons Leuse.

Foon 218. Bus 248.
POTCHEFSTROOM.

KOM SIEN ONS——
vir u
Fotografiese- en Aptekersbenodigdhede

**GEEN & VELLEMAN,**
KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.


## *Van S.R.- Wee*

### 1. Korfbal:

Graag verwelkom ons hierdie pasgestigte sportsoort in ons midde en die S.R. vertrou dat hierdie klub 'n **bepaalde behoefte** aan somersport voorsien. Hoewel die S.R. nog nie die klub heeltemal in al sy behoeftes kon voorsien nie, vertrou ons dat dit vir die volgende S.R. wel deeglik moontlik sal wees.

### 2. Finansies:

Die S.R. is tans besig om met die Senaat te onderhandel oor dié finansiële posisie van ons studentelewe. Met vreugde kan ons konstateer dat dit skyn asof daar volgende jaar waarskynlik groot verligting gebring sal kan word.

Dit is vir die S.R. ook baie aangenaam om langs hierdie weg die naam van **Prof. D. G. van Rooy te noem**, wat die inisiatief geneem het om d.m.v. 'n kollektelys onder personeellede die onkostes aan die Dalrymple te help bestry. **Ook aan die betrokke donateurs gaan ons hartlike dank.**

### 3. Jaarverslae en Finansiële Verslae:

**VOORSITTERS EN PENNINGMEESTERS.**

Graag wil die S.R. die aandag van alle Voorsitters en Penningmeesters daarop vestig dat die **jaarverslae** en **finansiële** verslae voltooi moet word. U word vriendelik dog dringend versoek om u onmiddellike aandag aan hierdie sake te gee.

### 4. Portrette.

Weens die feit dat daar jaarliks groot ongerymdhede met die **bestel en betaal van fotos insluip**, het die S.R. aan die plaaslike fotograwe gestel, dat hulle fotos alleen k.b.a. mag aflewer, aangesien die S.R. nie hierdie risiko verder op hom sal neem nie. **Die medewerking van alle onderliggame in hierdie verband word dringend gevra.**

B. SPOELSTRA (Voors.)


Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner

**J. P. V.D. WALT,**
L.F.V.

KERKSTRAAT 111
(Langs Ackermans)

Foon 929,
POTCHEFSTROOM.

Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.



*Studente Vriende,*
WEET U DAT

**Die Firma J. H. DE BUSSY**

Maritime-gebou, Pretoriusstraat 153, Posbus 460. Foon 22-014.

PRETORIA

die grootste voorraad tweedehandse boeke het op

TEOLOGIES EN WYSGERIG TERREIN?

Ons vestig spesiaal u aandag op die volgende boeke wat uit voorraad gelewer kan word:

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| **Dr. A. Kuyper:** Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. 3 dele kompleet .... .... | £3 | 15 | 0 |
| **Dr. A. Kuyper:** Pro Rege. 3 dele kompleet .... .... | 2 | 10 | 0 |
| **Dr. A. Kuyper:** E. Voto Dordraceno. 4 dele kompleet .... .... .... .... .... .... | 4 | 2 | 6 |
| **Dr. A. Kuyper:** De Engelen Gods .... .... .... .... | | 15 | 0 |
| **Dr. A. Kuyper:** Het beeld Gods .... .... .... .... | | 13 | 6 |
| **Dr. A. Kuyper:** Van de Voleinding. 4 dele kompleet .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 12 | 6 |
| **Dr. A. Kuyper:** Onze Eeredienst .... .... .... | 2 | 10 | 0 |
| **Dr. A. Kuyper:** De Gemene gratie. 3 dele kompl. | 3 | 0 | 0 |
| **J. C. Sikkel:** Het boek der Geboorten. Genesis | 2 | 10 | 0 |
| **J. C. Sikkel:** Onder de vleugelen des Heeren .... | | 3 | 9 |
| **J. C. Sikkel:** Dienst des woords .... .... | | 3 | 9 |
| **Dr. B. Wielenga:** Van Jeruzalem naar Rome. 3 dele .... .... .... .... .... .... .... | 3 | 0 | 0 |
| **Ds. G. Wielenga:** Paulus in zijn leven en werken | | 14 | 6 |
| **Prof. P. Biesterveld:** Van Bethanië naar Golgotha .... .... .... .... .... .... .... | | 11 | 9 |
| **Prof. Dr. K. Schilder:** Christus en Cultuur .... | | 10 | 6 |
| **Christelyke** Encyclopaedie. 6 dele kompleet .... | 11 | 10 | 0 |
| **Dr. H. Dooyeweerd:** De wijsbegeerte der wetsidee. 3 dele kompleet. Baie seldsaam | 5 | 10 | 0 |

Vra ons Katalogus van Nuwe en Tweedehandse Boeke.


Gedruk deur Die Westelike Stem, Posbus 156, Potchefstroom.


# *Die Wapad.*

7 SEPTEMBER 1951.

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

## REDAKSIE.

**Hoofredakteur:** J. P. COETZEE.

**Adm. Voorsitter:** F. BOTHMA.

**Sub-Redakteurs:**
**Nuus:** C. J. MALAN.
**Kuns en Wetenskap:** J. H. BOOYENS .
**Sosiale Aangeleenthtde:** MEJ. B. KRUGER.
**Sport:** D. v.d. SPUY en MEJ. A. PRETORIUS.
**Varia:** W. J. J. VAN VUUREN.
**Fotografie:** F. BOTHA.
**Tegnies:** J. HERSELMAN en J. v. ROOY.


## DIS 1 SEPTEMBER EN LENTE!

Met die aanbreek van die eerste dag van die maand September het die lente amptelik sy aanvang geneem in ons land. Toegegee, dit was maar 'n koue begin vir die lente, wat eintlik mos weer die ou koue bloed 'n rapsie vinniger moet laat stroom. Maar met 1 September het die lente „uitgebreek" en dit is al waarin ons nou belang het.

Die lewe in die natuur het alreeds uit die winterslaap opgestaan, en waar die grasbrand gister nog swart gestaan het is dit nou aanmekaar groen van die nuwe lewendigheid, terwyl die bome so een na die ander tekens van 'n herontwaking toon. Die droë reënlose wintermaande is ook iets van die verlede; die stowwerigheid wat mens amper verstik is daarmee saam verby.

As hierdie nuwe ontwaking in die natuur nie nou in ons studentelewe 'n soortgelyke wakkerword te weeg gaan bring nie, dan sou mens amper kon wens dat dit maar liewer winter moes gebly het. As hierdie lente niks meer gaan oplewer as net 'n paar onverwagte nuwe kyse nie, dan sal daar inderdaad iets groots verkeerd wees met ons almal. As die botsels aan die bome vir ons niks meer toon as maar net die voortekens van 'n naderende bloktyd nie, dan het ons maar net 'n selfsugtige oog om mee rond te kyk.

Maar as die lentegety rondom ons 'n aansporing is om weer opnuut te begin met werk, werk vir ons Alma Mater, vir ons medemens en vir ons self, dan het ons die natuur reg gelees, en dan is dit nou nie tevergeefs lente nie!

## LET WEL!

Dit het onder die aandagg van die Redaksie gekom dat daar onduidelikheid bestaan ten opsigte van die behandeling wat korrespondensie in die korrespondensiekolomme van "Die Wapad" te beurt val. Die prosedure wat gevolg word is as volg: Alle briewe moet gerig word aan die Redakteur. Alle briewe wat so ontvang word, sal gepubliseer word, mits die brief nie te lank is nie; mits daar nie in die brief gelaster word ne; mits welvoeglke taal gebesig word; mits die skrywer, ingeval hy van 'n skuilnaam gebruik maak, sy regte naam en adres onderaan aantoon. Hierdie maatreël is nodig omdat die Redaksie verantwoordelik is vir elke stuk wat gepubliseer word.

Volgens 'n Studenteraadsregulasie word enigeg brief wat klagte inhou teen 'n persoon of liggaam eers aan die betrokke persoon of liggaam voorgelê, sodat die antwoord of reaksie soos die briefskrywer dit wil hê dan saam met die brief gepubliseer kan word. **Beweringsg dat korrespondensie word nie, berus op valse gronde. —Red.**

# ERRATA

Geagte Redakteur,

Hiermee wens ek ten sterkste beswaar aan te teken teen 'n berig in die vorige uitgawe van „Die Wapad," waarin dit voorgestel was, asof ondergetekende weens eie finansiële onmag, Stellenbosch genooi he om jaarliks hierheen te kom.

**Ek vermoed dat die berig maande na die tyd geplaas is.** Daar is slegs een brief aan Stellenbosch geskrywe om hulle uit te nooi om **vanjaar** teen alle **Noordelike universiteite 'n intervarsitietoer te onderneem.** Die S.R. het aan hulle ook finansiële hulp in hierdie verband verleen, en hoop om dit van die W.T.R.U. weer terug te ontvang.

Waar hierdie aksie reeds vroeg in die vorige kwartaal gedoen is, gee u berig nou 'n ietwat eienaardige en selfsugtige kleur aan die hele aangeleentheid. **Van 'n gereelde intervarsitie-reeks, weens ons finansiële onmag, was nog nooit sprake nie.**

Ek vertrou dat hierdie brief die nodige lig op die saak werp, en dat u dit goedgunstig sal ontvang.

Met dank vir opname,

B. SPOELSTRA.

# GASVROU

Een van ons goeie voorstedelike gasvroue vertel die volgende verhaal van haarself en twee jong gaste:—

Die deurklokkie het gelui, en toe sy die deur oopmaak, staan twee kleintjies van die buurt, geklee soos volwassenes, voor die deur. Voordat sy van haar verbasinng kon herstel, sê een:—„Goeie-middag, Mevrou. Ek is mev. Smit. en dit is mnr. Smit. Ons kom kuier."

„Goeie-middag. Maar kom binne; ek is net besig om vir my 'n koeldrankie te meng. Kom sit solank; ek gaan net gou een vir elkeen van u voorberei," het die volmaakte gasvrou geantwoord.

Terwyl sy besig gwas, het die gaste in die sitkamer gebly, maar toe sy 'n paar minute later met die drankies na die sitkamer terugkeer, was hulle skoonveld. Sy het oral in die sit- en eetkamer gesoek, maar kry was min. Toe het sy by die voordeur uitgekyk, en hulle die straat sien afhardloop.

„Haai, mnr. en mev. Smit, kom terug! Julle koeldranke is gereed!"

Mnr. Smit het aangehou hardloop, maar mev. Smit het vasgesteek en geantwoord:—„Dit spyt ons maar ons kan nie teruggaan nie. Mnr. Smit is huistoe. Hy net sy broek . . . ."

[Res van die verhaal ongeskik vir publikasie.—Red.]

ELKE DAG VARS!

TURKSTRA SE BAKKERY

BROOD en alle KOEKSOORTE

Raadpleeg ons vir

BRUIDSKOEKE

DIE NUUTSTE ONTWERPE. MODE SE HOOGSTE PUNT.

ENKEL-LISSIE DAMESSKOENE vanaf 29/6

EDWORKS (1936) Beperk.

Kerkstraat, Potchefstroom

DURENDE GEMAK.

GILFILLAN EN STROH

POTCHEFSTROOM.

FIETSE EN FIETSREPARASIES

J. N. J. Kritzinger

FOTOGRAAF

ROYAL HOTEL-GEBOU,

Kerkstraat 84, Telefoon 455,

Potchefstroom.

AS U 'N FOTO WIL SKENK

kyk dan

EERS NA ONS FOTO'S

(in ons Ateljee, of by tevrede P.U.Kaners).

# Einstein Verduidelik Relativiteit

Op onderhoudende wyse het Einstein sy teorie verduidelik toe 'n New Yorkse gasvrou hom gevra het om haar tog in 'n „paar eenvoudige woorde" oor relativiteit in te lig.

„Mevrou," het hy gesê, „ek was saam met 'n blinde vriend op 'n wandeling in die platteland; dit was 'n warm dag en ek laat die opmerking val dat 'n glas koue melk darem baie welkom sou wees.

„Melk?" het my blinde vriend gevra. „Drank ken ek, maar wat is melk?"

„'n Wit vloeistof," het ek geantwoord.

„Ek weet wat vloeistof is," het hy gesê, „maar wat is wit?"

„O, die kleur van 'n swaan se vere."

„Swaan?" het ek gesê. „Dit is 'n voël met 'n krom nek."

„Ek weet wat is 'n nek," sê hy, „maar wat is krom?"

„Daarop, Mevrou," het Einstein vervolg „het ek my geduld verloor. Ek het sy arm gegryp en dit reguit gedruk. „Dis reguit," het ek gesê. Toe het ek dit by die elmboog gebuig. „En dis krom," het ek hom ingelig.

„A," het die blinde man geantwoord; „nou weet ek wat jy met melk bedoel!"

# Katsnare

Twee katte sit na 'n tennistoernooi en kyk: Een van die katte gee al sy aandag aan die spel en volg die beweging van die bal heen en weer sonder om een hou te mis.

Die ander kat verveel hom blykbaar baie en vererg hom ook 'n bietjie vir sy maat se belangstelling.

„Ek het nie geweet dat jy so baie vir tennis omgee nie," knor hy eindelik.

„Die nie dit nie," antwoord die ander een, „maar my oukêrel is in daardie raket."

PUKKE is altyd hartlik welkom by

UNIEWINKELS

as hulle in Johannesburg is.

Ons voorsien reeds die VOETBALTRUIE en KOUSE. Binnekort maak ons 'n belangrike aankondiging i.v.m. die KLEURBAADJIES.

UNIEWINKELS, BPK.

Johannesburg.

Kerkstraat 45. Foon 22-4746.

## *Korrespondensie*

Thabajäh,
30 Augustus 1951.

Die Redakteur,
„Die Wapad."

Geagte mnr. die Redakteur,

Was dit nodig dat K.V.V.-S.K. sulke krasse uitlatings maak in die artikel, „Is dans 'n sosiale behoefte," van 24 Aug. 1951? Was dit nou regti gnodig om die studente wat dans indirek te vergelyk met „die straatvroue van Johannesburg"? Was dit 'n uiting van „dieper insig en ruimer uitkyk op die lewe"? Ek beskou dit as grensend aan laster.

Het die geagte skrywer al ooit een van die danse wat die studente hier by „ander inrigtinggs en sosiale kringe" bywoon, gesien? Ek vra nie of hy daaraan deelgeneem het nie, ek vra net of hy dit gesien het? Ek kan hom verseker dat ek nog nooit 'n „wilde, ru en onbeheersde lyfgeswaai" soos die „wat vandag nog voortleef in die sogenaamde jazz-danse" daar gesien of ondervind het nie.

Dan wil ek net aan die geagte skrywer 'n pertinente vraag stel. As dans, selfs in die vorm waarin ons daaraan deelneem, verban moet word, op grond daarvan dat daardeur soveel sonde kom, moet alle drank, selfs dié op die P.U. geselllighede, nie ook afgeskaf word nie? Kom deur drank nie ook sonde nie? Is dit nie ook 'n onterende daad om die bewussyn en siel wat deur God aan ons gegee is om ons van die diere te onderskei, deur drank te verdof en die werking daarvan te belemmer nie? Vir my, meneer die redakteur, is dit baie meer paslik om die aanhaling van Paulus toe te pas op iemand wat dronk is, selfs al het hy maar net 'n oorwinning gevier, as op die studente hier wat dans. As 75% van die gemelde gevalle vroue as gevolg van dans tot 'n val gekom het, sal verdere ondersoekinge nie bewys dat 90% van hulle aan drank hulle ondergang te wyte het nie?

L. HEESE.

**W. J. Voordewind en F.**—Albei u briewe het dieselfde strekking en feitlik dieselfde inhoud as die bostaande.—Red.

Malherbestraat 5,
Potchefstroom.
30-8-1951.

Die Redakteur,
„Die Wapad."
Waarde Heer,

Na aanleiding van u opskrif „Jongste Universiteit verslaan Oudste" in „Die Wapad" van -1 deser sou ek graag net vir die interessantheid dlaarvan die volgende onder u aandag bring en nie met die doel van haarklowery nie.

Volgens „Universities of the World Outside U.S.A.", 1950, is die volgende 'n paar van die Universiteite wat ouer is as Oxford (1167) en Cambridge (1352). Dit is almal Italiaanse Universiteite nl. Parma (1025), Bologna (1088), Pavia (Mei 825), Modena (1180).

Dankie.
Die uwe,
W. J. VOORDEWIND.

[Kan die S.S.B. nie miskien vir ons 'n wedstryd teen die Universiteit van **Mei 825** reël nie?—Red.]

**Lights:** „O wragtie, kêrels, hier's groot fout met die poskantoor—ek het vandag net een brief van my meisie gekry. Abram, bring vir die baas nog 'n ou bordjie kos."

Malherbestraat 5,
27-8-1951.

Die Redakteur,
„Die Wapad."
Waarde Heer,

Vergun my 'n paar woorde in antwoord op die skrywer van "Is dans 'n sosiale behoefte?" in u blad van die 24ste deser.

Eerstens wil ek my ten sterkste verset teen die uitlatings in die artikel. Ek haal aan: „As dans dan nie 'n uiting van die seksdrang is nie, waarom is die danssale dan een van die kenmerkende besoekplekke van die straatvroue van Johannesburg. . . . . Hiervolgens moet trein-ry ook 'n uiting van die seksdrang wees aangesien Parkstasie ook 'n bekende versamelplek van hierdie tipe dame is.

„Vandag geskied hierdie seksuele uitinng op die dansbane nog op 'n verfynde manier . . ." Besef die skrywer dat hierdie uitlating 'n direkte beskuldiging van immoraliteit teen sommige van sy medestudente is? Sou die geagte skrywer van hierdie aantyging van „Julle is immoreel" dit in die teenwoordigheid van „hierdie groep" herhaal?

Was die skrywer al ooit op 'n egte studentedans waar drankmisbruik nie geduld word nie en konstitusioneel belet word? Ek neem die vryheid om u persoonlik uit te nooi vir aanskouing van die „ . . . . sondige onbetaamlike manier" van sosiale bevrediging.

As die primitiewe dans dan so verdoemend satanies is, waarom dan die geskreeu van: „Die naturel ontstam; hy verloor sy volkstradisies en gewoontes?"

Dat danssale wel 'n oorsprong van 'n immorele daad kan wees gee ek geredelik toe—maar so ook 'n „slepie" na kerk. Dis nie primêr die dans nie dis die ingebore sondigheid van die mens self. Waarom nou moet dans die skuifmeul word vir alles wat onkies en vuig is?

Of dans reg of verkeerd is bly 'n probleem van prinsipieële standpunt en sien ek tog kans om dans met my Calvinistiese lewensbeskouing te versoen—**mits die fundamentele gesindheid reg is.**

Ek dank u!

W. J. VOORDEWIND.
P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.

Geagte Redakteur,

'n Mens is nie graag snaaks teenoor andere nie, maar dan moet andere ook nie snaaks teenoor 'n mens wees nie. In hierdie geval dink ek dan in besonder aan die ou dames van die P.U., of beter gestel, aan daardie ou dames wat verantwoordelik is vir die handhawing van gesag en 'n goeie gees op die UP.U.

Ons is almal bekend met die instelling aan die P.U., hetsy voor- of nadelig, dat eerstejaardames verplig word om alle sportbyeenkomste en wedstryde, van watter aard ookal, by te woon om sodoende hulle medestudente te ondersteun (ek hoop dat dit die werklike doel daarvan is!) Is dit egter billik dat slegs sekere sportsoorte ten koste van andere ondersteuning moet geniet? Moet alle dames verplig word om altyd net hokkie- of korfbalwedstryde by te woon, terwyl daar vergeet word dat daar so 'n spel as tennis ook op universiteit gespeel word?

Ek dink nou in besonder aan die twee afgelope tenniswedstryde wat teen die P.O.K. gespeel is. Op die betrokke middae was daar waarskynlik ook wedstryde van ander aard gespeel, maar waarom dan ondersteuning net aan bepaalde sportsoorte gee? Ons spelers was definitief nie baie gelukkig om 'n toernooi te speel, omring deur P.O.K.-studente wat hulle makkers aanmoedig terwyl vier van ons eie studente vir ons ondersteun het nie. Soos by enige ander sportsoort word alle tenniswedstryde ook op die kennisgewingbord bekendgestel, en ek hoop van harte dat dit voortaan nie so lig oor die hoof gesien gaan word soos tans die geval is nie.

Dankie.
„TENNISSPELER."

1 September.

Geagte Redakteur,

Na aanleiding van 'n artikel geplaas aangaande dans wens ek die volgende gedagtes daaroor uit te spreek.

Eerstens het die artikel reperkussies as gevolg gehad wat hoogs onnodig was. Elke persoon het sy eie beskouings van die reg en verkeerd van dans. Die swye is nog altyd tot dusver bewaar aangaande die saak omdat diegene wat dans die reëls en beginsels van hierdie inrigting eerbiedig. Hierby bedoel ek dat daar nog nooit die behoefte gevoel is om aan te dring op 'n dans binne die Universiteitsterrein nie. Danse tot dusver gehou het nog nooit as gevolg gehad 'n klad op hierdie inrigting se naam nie.

Graag wil ek die skrywer van die artikel daarop attent maak dat daar in alle sosiale groepe en byeenkomstes verskille voorkom, wat ook die geval met dans is. Aangesien daar op die danse wat deur die studente bygewoon word, drank verbied is, het hierdie danse die karakter van gesellige byeenkomste van jong mense aangeneem. Om dus hierdie danse en die seks-daad in een asem te noem, is onregverdig.

Die ontaktvolle berig mag aan hierdie inrigting baie skade berokken. Talle oningeligte persone, onbekend met die reëls t.o.v. dans, mag 'n verkeerde insae kry uit hierdie berig. Persone wat miskien van voorneme was om hier te kom studeer of te laat studeer mag a.g.v. die houding van voorneme verander.

Ons hoop dat in die toekoms gepoog sal word om mekaar se opvattings te konsidereer aangesien ons inrigting te klein is om onderlinge wrywinge en verdeeldheid toe te laat. Laat ons onthou: „Eendrag maak Mag."

Dankie vir plasing,
F.

NATUURLIK-GOLWENDE HARE

gee u natuurlike skoonheid!

MEJ. R. GLAESER

*Dames Skoonheidsalon*

Kerkstraat 157. Foon 366.

W. J. SPAVINS EN SEUN

VIR ALLE

Elektriese Benodigdhede Draadlose, Koelkaste.

Kerkstraat 65,

POTCHEFSTROOM.

# Blaine-Finaal Onbeslis

**In 'n baie aanskoulike en opwindende wedstryd wat die studente op die pawiljoen kort-kort op hulle voete gehad het, kon beide die Universiteit en die Normaal Saterdag geen punte aanteken in die finaal vir die Blaine nie. Die wedstryd word later oorgespeel.**

Die Pukke was seker nog nooit so ongelukkig om nie 'n wedstryd te wen nie. Hulle was op alle gebiede Normaal se meerdere en was gedurigdeur op die aanval.

### DIE VERLOOP.

Nadat die Pukke 'n lang ruk op die aanval was, is hulle deur Le Grange met 'n lang lynskop teruggedryf. „Van" speel egter mooi saam met sy losvoorspelers en die Theos is weer terug in Normaal se gebied. Een van die P.O.K. voorspelers dam egter 'n los bal met die voet by en skop en skop en skop en Normaal raak gevaarlik. Hasie is egter by en red mooi.

**'n Mens kan nie nalaat om Hasie se naam spesiaal te noem nie. Hy het wonderlik gespeel en 'n Normaliet kon skop net waar hy wou. Hasie was op sy pos. Met sy spel van Saterdag sou hy geen provinsiale span in die skande gesteek het nie. Saam met hom het Piet en „Van" baie goed gespeel.**

Die volgende beweging het P.U.K. weer kwaai op die aanval gebring. „Van" gaan om die steelkant, gee uit na Piet wat 'n grondskoppie los. Schwellnus is by en gee binnetoe na Zoeloe en daar is byna punte.

### BRINK BYNA DEUR.

Toe is daar weer 'n man-oor. Brink skiet deur 'n gaping en dis so amper-amper of daar is 'n drie. Dan is dit weer Platbos wat 'n strafskop rakelings by die pale verbystuur.

Na rustyd is P.O.K. op die aanval met hulle skop-en-hardloop taktiek. Die Pukke verdedig egter dodelik en Normaal kan niks uitvoer nie. Toe Hasie weer in besit van die bal probeer kom probeer Claassen hom aan sy kraag rondgooi. Hy kom self egter die slegste daarvan af.

Styger hak nou soos klokslag en selfs Claassen kan nie meer die bal voor die Pukke in die lynstane afvat nie. Die voorspelers sit 'n uitmuntende hand-na-hand beweging op tou en gee dan uit na die agterlyn wat blitsig beweeg.

Die Pukke het Normaal nou op hulle agterpote. Du Plooy word uit die P.O.K. voorspelers gehaal, want die Puk-agterlyn is een te veel vir Normaal se agterlyn.

### SCHWELLNUS OOR.

Daar is 'n skrum op P.O.K. se doellyn. Schwellnus is byna oor, maar raak ongelukkig net aan die hoekvlag voor hy druk. Met die Pukke nog op die aanval, blaas die eindfluitjie.

Daar moet egter agterna gespeel word om 'n beslissing te kry. Die Theos-spelers is nou eers gevaarlik. Schwellnus kom in die agterlyn en is byna deur. Daarna breek „Van" weer dwarsdeur en Piet raak uiters gevaarlik met 'n Boobyer-lopie. Toe val „Van" net duime kort van die doellyn en die wedstryd eindig op 'n hoë noot.

# Korfbal Beleef Moeilike Tye

**Daar word verneem dat die korfbal nie juis floreer in die jongste tyd nie. Al die spelers kan nie gereeld oefen nie a.g.v. klasse wat die oefentye oorvleuel.**

Verder het die winter hom ook laat geld, so erg dat op een stadium nie minder as vyf van die eerste span spelers in die bed was met griep nie. Daar kon dus nie normaal geoefen word nie wat dan ook in sommige gevalle nadelige gevolge gehad het.

Wedstryde wat gespeel is, is die volgende: 2de en 3de spanne speel op Klerksdorp teen Kooperasie en verloor albei. 2de span speel teen Potchefstroom-Dorp en wen. Die 3de span was glo baie ontevrede oor 'n wedstryd waar 'n skeidsregter nooit opgedaag het nie; gevolglik kon dit nie plaasvind nie.

Die 4de span moes ook teen Klerksdorp speel maar lg. het punte afgestaan en gevolglik is nie gespeel nie.

# Unieskild Waarskynlik na P. U.

Die 1ste span speel Saterdag die 1ste September op Crosby die semi-finale wedstryd bir die Unieskild. Hulle kom teen Crosbyhoëdskool te staan.

Heidelberg Normaal speel teen Zwartruggens hoërskool. Die twee wennende spanne sal dan teen mekaar optree. Ons twyfel nie aan P.U. se sukses nie en verwag dat hulle sal deurdruk na die finaal in Pretoria teen Onderwys.

Die wedstryd van 1 September is deur P.U. gewen. Veels geluk Pukke!—Red.

# DIE MERCIA-BEKER IN GEDRANG

Aangesien beide Normaal en P.U. 'n wedstryd gewen het in mededinging om die beker moes daar nog 'n beslissende wedstryd plaasvind. Weens gebrek aan tyd is toe besluit dat so 'n wedstryd uitgeskakel sou word en dat genoemde twee spanne die beker moet deel. P.U. was egter nie bereid om so 'n reëling te aanvaar nie. Daar word nou onderhandel om 'n geskikte datum. Normaal sal 'n datum bepaal aangesien hulle derdejaars voltyds skoolhou. Verwag word dat die wedstryd binne die volgende twee weke sal plpaasvind.

Ons glo dat die Pukke die Mercia sal huis-toe bring en wens hulle alle sterkte toe.

# Oxford-Cambridge Trap Noordelike Universiteite Uit

## Swaar Slag vir Transvalers

**Op Saterdag 1 September het die gekombineerde Noordelike Universiteite (P.U. uitgesluit) 'n neerlaag teen die besoekende Oxford-Cambridge span op die lyf geloop.**

In 'n besonder aanskoulike wedstryd het die gekombineerde Engelse Universiteite, Oxford en Cambridge, die gekombineerde spanne van Pretoria en Wits. 'n neerlaag van 14 punte teenoor 19 toegedien.

Met hierdie wedstryd het die Engelse die Transvalers 'n swaar slag toegedien, aangesien die enigste wedstryd wyat in Transvaalse tuisspan gewen het, diè van Potchefstroom was, soos die volgende telkaart sal aantoon:

| Oxford-Cam. | Tuisspanne | |
|---|---|---|
| 5 | 8 | Natal |
| 11 | 11 | U.O.V.S. |
| 14 | 9 | Wits. |
| 9 | 11 | Potchefstroom |
| 3 | 3 | Pretoria. |
| 14 | 11 | Kaapstad. |
| 0 | 0 | Rhodes. |
| 8 | 11 | Stellenbosch. |
| 19 | 14 | Pretoria en Wits |


## Dames Hokkie.

Die eerste span het die laaste liga-wedstryd teen Dorp verloor met 'n telling van 3—0.

Vriendskaplike wedstryde is teen Normaal gespeel deur die 1ste en 2de span. Die uitslag was as volg:

**P.U. 1 wen Normaal 1. Telling 1—0.**

**P.U. 2 verloor teen Normaal 2. Telling 4—0.**

Hiermee is die hokkie-seisoen afgesluit.



**BULT GARAGE**
**(Edms.) Bpk.**
**Tomstraat 55, Potchefstroom.**
Foon 952.
**Fietse, Flitse, Onderdele, ens.** verkrygbaar. M.a.w.
**'N FIETSAFDELING VIR STUDENTE.**
Reparasies van enige aard.
VRY LUG-VOORSIENING.
Ondersteun 'n Afrikaanse saak.

Drink en Geniet
**S & S**
Super Dilla
en
Super Orange
**Sherr & Shakinovsky**
**AUTO LAAN**
**Foon 16**

**CORNER FRUIT STORE**
Hoek van—Corner of
**Kerk- en Retief Sts.**
For— Vir—
**Better Fruit and Vegetables** — **Beter Vrugte en Groente.**
**Phone—118—Foon**

Potchefstroom
se mees moderne
Dames-Klerewinkel
Die jongste versameling van **Dames-rokke, -Baadjies, „Jeeps," Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodigdhede, ens.**
BY
**LA VOGUE**
**(J. M. TAYLOR)**
**Posbus 221. Foon 440.**

**J. TOD SUTTIE**
**Kerkstraat 127**
Mans-Volle Uitrusters
Ons waardeer u besoeke aan ons.
Ons bestudeer u benodigdhede.
Ons spesialiseer alleen in deeglike goedere wat bevrediging waarborg!
Ons is spsialiteite alleen in die
**BESTE GEHALTE MANSDRAG.**

**TX MODISTE**
Ons Uitstaande Winterreeks kom nou aan!
Kostuums, Jasse en Gebreide Stukke
**Cardigans, Oortrekkers, Bolero's, Jerkins en Angora-drag.**
*,Lottie' en Paryse Hoede*



*Waar u ook* **mag wees**
**Kommando**
**—die** *gewildste*
**Suid-Afrikaanse sigaret**




61-3060 AP